

GOUDVELD-HOËRSKOOL

OMGEWINGSBELEID



AANVAAR: _____

GOUDVELD-HOËRSKOOL

OMGEWINGSBELEID

1. INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse skolewet 84 van 1996 vereis dat die beheerliggaam beleide moet saamstel. Goudveld-Hoërskool is gebonde aan die bewaring van die omgewing en die bestuur daarvan.

Ons verbind onsself tot:

- 1.1 Die Konstitusie van Suid-Afrika 108 van 1996 (CRSA) Afdeling 24: Omgewingsreg.
- 1.2 Die Nasionale Waterwet 36 van 1998 (NWA) Afdeling 21 (f) en (g), saam met Afdeling 22(1). Afdeling 19 (besoedeling), Afdeling 20 (kontrole van noodgeval water insidente).
- 1.3 Die Nasionale Omgewings-bestuurswet 107 van 1998 (NEMA).
- 1.4 Omgewings-bewaringswet, 1998, afval verwydering.

2. DOEL

- 2.1 Om 'n sinvolle omgewingsbeleid saam te stel, asook die instandhouding en verbetering daarvan.
- 2.2 Om daarna te streef om die moontlike inpak op die omgewing te verminder gedurende leeraktiwiteite.
- 2.3 Om leerders, ouers en besoekers bewus te maak van herwinning van gebruikte artikels.
- 2.4 Om hulpbronne soos elektrisiteit, water en papier te bestuur.
- 2.5 Om leerders in te lig deur deel te neem aan internasionale en nasionale omgewingsdae.

3. PROSEDURE

- 3.1 Strategiese beplanning sal elke jaar in November gedoen word en datums vir aktiwiteite sal op die kalender geplaas word deur die bestuurspan.
- 3.2 Die vakhoof van Lewensoriëntering sal aksieplanne opstel vir omgewingsdae en aktiwiteite.
- 3.3 Die vakhoofde van alle vakke sal waar moontlik omgewingsaktiwiteite integreer in verskillende vakke.
- 3.4 Die skoolgronde sal waar moontlik gebruik word om kurrikulêre aktiwiteite te ondersteun.
- 3.5 Die skool sal 'n skoonmaak en groen projek volg om 'n skoon en gesonde omgewing in plek te plaas.
- 3.6 Alle leerders moet deelneem aan verskeie aksieplanne om te strewe na 'n skoon en gesonde omgewing.

**Bogenoemde beleid was voorgehou tydens 'n Bestuursliggaamvergadering gehou op
_____ en is algemeen aanvaar.**

**A. Nieuwoudt
Voorsitter Beheerliggaam**

**S.W.P. Scott
Skoolhoof**